

Bestuur van skeerders en die skeerproses - – Beste bestuurspraktyke

(Kobus Grobler, NWKV Produksie Adviseur: Queenstown)

Sel: 072 593 5601; Epos: kobus@nwga.co.za

1. Vooraf beplanning

- Maak seker dat die span betyds bespreek word vir 'n datum wat by die produsent se jaarbeplanning sal pas.
- Bestel wolsakke en ander benodigdhede betyds.
- Sorg dat skeerhuis deeglik skoongemaak word om besoedeling te vermy.
- Meng alle voer en lekke vooruit, sodat alle beskikbare arbeid by skeerproses gebruik kan word.
- Verseker dat daar genoeg skuiling teen ongure weerstoestande is en dat watervoorsiening in kampe naby die skeerhuis voldoende is.
- Slaan alle wolhokke op en merk dit duidelik. Waardevolle inligting hiervoor word verkry uit die vorige jaar se afrekeningstaat.
- Verseker dat die wolpers in 'n goeie werkende toestand is.

2. Vervoer van die skeerspan

Indien die skeerkontraakteur nie die skeerspan tot op die plaas vervoer nie, moet u self vergewis van die regulasies om mense te vervoer. Dit geld ook wanneer spanne van een plaas na 'n ander deur die produsent vervoer word.

3. Woon- en slaapkwartiere

- Skeerders moenie in die skeerhuis slaap nie. Voldoende slaapplek moet voorsien word. Skeer is vermoeiend en daarom behoort daar 'n matras van minstens 10cm dik aan elke skeerder voorsien te word.
- Sorg vir genoeg ventilasie, maar maak seker dat daar nie 'n trek deur die vertrek is nie. Na 'n dag se skeer kan dit spierpyne en -spasmas veroorsaak.
- Skoon lopende water moet altyd beskikbaar wees.

- Basiese stort/wasgeriewe en geriewe waar klere gewas kan word moet beskikbaar wees. Hoewel warm water nie verpligtend is nie, moet geriewe met voldoende vuurmaakhout beskikbaar wees vir die maak van warm water.
- Maak seker dat daar higiëniese toiletgeriewe beskikbaar is

4. Kookfasiliteite en Maaltye

- Onderdak kookfasiliteite moet aan die skeerspan voorsien word.
- Indien daar nie elektrisiteit of gas beskikbaar is nie, moet genoeg vuurmaakhout wat reeds gesaag en opgekap is, beskikbaar wees
- Maak seker dat die basiese kombuisgereedskap beskikbaar is.
- Waar moontlik moet die produsent een van sy personeel aanwys om as kok op te tree. Indien die skeerders self moet kook, verlaag dit produktiwiteit.
- Vir elke werksdag moet die volgende per skeerder voorsien word:
 - 300g vleis (vermy die gebruik van 1 slagskaap per duisend geskeer)
 - 800g meliemeel
 - 1 liter volroom melk
 - tee en koffie
 - 1 koppie suiker

5. Noodhulptas

- Daar met skerp toerusting en masjinerie gewerk. Maak seker dat daar basiese noodhulptoeerusting vir die behandeling van wonde en bloeding by die skeerders byderhand is.
- Behandel alle wonde aan skape dadelik. Dit voorkom infeksies en brommeraanvalle later.

6. Uitleg van skeerfasiliteite

- Waar moontlik, voorsien individuele vang- en inspeksiehokke aan elke skeerder. Dit maak die skeerder meer produktief en beperk dispute in verband met raak skeer en skeergetalle.

- Sorg vir onderdakfasiliteite om genoeg skape droog te hou vir ten minste een dag se skeer indien dit sou reën.
- Krale behoort van hortjiesvloere voorsien te word. Dit is meer higiënies en hou skape droog.
- Beperk afstand wat 'n skeerder moet aflê om die skape te vang
- Beperk die afstand wat die vagte gedra moet word na die klastafel en dan weer na die wolhokke.

7. Kommunikasie

Sodra die span op die plaas aankom, moet die produsent of iemand wat hy aanwys, daar wees om hulle te ontvang. Dit is belangrik dat u bepaal watter tale hulle magtig is en kommunikeer so dat hulle duidelik verstaan. Byna alle probleme met skeerspanne is die gevolg van gebrekkige kommunikasie. Meeste skeerspanne het 'n voormanstelsel en alle kommunikasie geskied met die voorman.

- Neem die klasser en voorman na die skeerhuis en bespreek die hele proses deeglik met hulle en maak seker dat elkeen verstaan wat van hom verwag word.
- Bespreek alle billike plaasreëls deeglik met hulle, dit sal misverstande later uit die weg ruim.
- Alle aspekte van hulle maaltye moet duidelik bespreek word, moet niks as vanselfsprekend aanvaar nie. Bespreek wie as kok gaan optree en die hoeveelheid kos wat voorsien word.

8. Algemeen

- Skeerders is afhanklik vir 'n goeie inkomste van die getal diere wat per dag geskeer word. Die voorbereiding vir skeertyd en die instandhouding van toerusting is dus baie belangrik.
- Maak seker dat skeerders elke dag genoeg diere het om 8 ure lank te skeer.
- Beperk onderbrekings in die skeerhuis.
- Maak seker dat u skaapbestuursplan op datum is voor skeertyd

- Maak seker dat daar niks is wat kontaminasie van die skeersel kan veroorsaak nie. Geen honde moet in die skeerhuis toegelaat word nie. Verseker dat wolhakke en baalhakies nie in die wol beland nie. Gebruik slegs papier as afskortings in bale.
- Dit kan nie oorbeklemtoon word dat die produsent in die skeerhuis teenwoordig moet wees nie. U is alleen verantwoordelik vir alles wat in en om die skeerhuis plaasvind.



Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA), wat befonds word deur die Woltrust.